



**STAAN DIT
RÉGTIG
IN DIE BYBEL?**

Die nag toe die Here vir Moses wou doodmaak

Eks 4:24-26 (OAV)

- 24 En op die pad in die herberg het die HERE hom teëgekom en wou hom doodmaak.
- 25 Toe neem Sippóra 'n skerp klip en sny die voorhuid van haar seun af en gooi dit voor sy voete en sê: Waarlik, jy is vir my 'n bloedbruidegom!
- 26 En Hy het hom laat staan. Toe het sy gesê: Bloedbruidegom! — met die oog op die besnydenis.

Huh?

- In Eks 1 hoor ons van die nood van die Israeliete wat slawe is in Egipte. Eks 2 vertel die storie van Moses se geboorte (onthou die mandjie in die biesies?) en sy grootwordjare in Egipte. Nadat hy die Egiptenaar

doodgeslaan het, vlug hy na Midian toe waar hy uiteindelik trou met Sippora. In Eks 3 ontmoet hy die Here in die brandende bos, kry sy opdrag om die volk uit Egipte uit te lei, maar stribbel teë tot in hoofstuk 4. Uiteindelik stem hy in en in Eks 4:18-23 lees ons van hulle tog terug na Egipte – alles klink uitgesorteer!

- Nou wil God vir Moses doodmaak? Huh!? Wat 'n vreemde gedeelte! Wat is die doel van hierdie verhaal? Hoekom wil die Here vir Moses doodmaak? Voor wie gooi sy die voorhuid in v 25 – Moses, haar seun, die Here? Wat is 'n "Bloedbruidegom"?

'n Moontlike verduideliking

- Toe Moses se seun Gersom gebore is, het hy hom waarskynlik besny op die agste dag soos beveel in Gen. 17. By die Midianiete was dit waarskynlik ook gebruik, maar eers in adolessensie. Vir Sippora sou



die besnydenis van pasgeborenes 'n afskuwelike gebruik wees.

Waarskynlik saam met haar Pa die Midianitiese priester besluit sy: "Jy't dit met een seun gedoen, maar nie met my ander een nie!"

- Noudat Moses in die doodsgreep van God is (omdat hy ongehoorsaam was en toegegee het aan Sippora om nie vir Eliëser te besny nie) doen sy wat sy nie wou nie, al vind sy steeds hierdie besnydenis afstootlik.
- Vir wie is sy dan kwaad? Tog nie vir haar seun nie, ook nie vir Moses nie, want sy wil hom red. Vir God wat die besnydenis van babas (teen haar kultuur) verwag en sy gooi na Hom! Hy word vir haar soos haar familie wat besnydenis verwag van 'n bruidegom voor hy trou. Sy word aan Hom verbind - nie vrywillig nie.
- Dit lyk of Moses se paaie hier met Sippora skei. Hulle word nie genoem in die res van die verhaal waar Moses met die Farao onderhandel nie. Hulle gaan terug na Midian. Hulle kom besoek hom wel in Eks 18, maar bly waarskynlik nie by hom nie. Moses trou later met 'n Kussitiese vrou (Num 12).
- Die storie is duidelik hier geplaas om i) die betekenis en belang van die besnydenis te beklemtoon as teken van die Verbond (die intieme verhouding tussen God en sy volk) asook ii) die belang van gehoorsaamheid en godvresendheid te beklemtoon. Soos Jakob wat met God worstel, Josef wat in 'n put gegooi word en

Moses wat in God se doodsgreep beland, word die heldefiguur gesuiwer en getoets vir sy gehoorsaamheid en gewilligheid om die Here se wil te doen. Net om vrede in die huis te bewaar, was 80 jaar se voorbereiding amper verniet en mis hy byna die kans om sy roeping te vervul.

Waaroor ons vandag moet dink

- Voor die Here my vir groter goed kan gebruik, toets Hy my dikwels in die kleiner dinge en in die verhoudings naby my.
- "Die teenwoordigheid van God kan behalwe verruklik ook verskriklik wees" (Flip Theron). Sy teenwoordigheid kan ook 'n TEENWOORD-igheid wees – konfronterend, tot op die punt dat dit soos 'n doodsgreep voel. St John of the Cross verwys na "the dark night of the soul".
- Geloof en gehoorsaamheid aan God gaan met offer gepaard. Vandag nie meer die offer van bloed wat ons moet bring nie, maar wel i) die versoening wat ons beleef in die offer wat Jesus gebring het aan die kruis en ii) die offer wat ek en jy in die lewe bring ... vir God.

Gesels saam

- Hoe toets die Here jou in die "kleiner dinge"?
- Het jy al die "verskriklike" teenwoordigheid van die Here ervaar?
- Watter offer vra geloof en gehoorsaamheid aan God vir jou?